## Week 3:

## "Ek is die goeie Herder..."

## WORD SOOS JESUS...

## VOLG JESUS...

### Johannes 10:1-15, Psalm 23




## Inleiding

*Etty Hillesum was 'n Nederlandse skrywer wat as Jood tydens WOII in Auschwitz doodgemaak is (sy was net 29 jaar oud!). Sy skryf die volgende:*

> *"There is a really deep well inside me. And in it dwell God*
> *Sometimes I'm there too...*
> *And that is all we can manage these days*
> *and also all that matters:*
> *that we safeguard that little piece of You God, in ourselves."*

Wat beteken dit vir jou as jy hoor dat God teenwoordig is op die plekke in ons lewens waar dit die dipeste of donkerste of swaarste is?

## Luister na die Woord

❶ ***Laat een person in die groep die gedeelte lees* – Johannes 10:1-15 en Psalm 23 (lees dit in verskillende vertalings).** Wat tref julle die meeste as ons hierdie gedeelte lees. Gee vir elkeen kans om iets te sê.

- Maak 'n lys van alles wat Jesus hier sê oor watter tipe skaapwagter Hy is:
  - v 2
  - v 3
  - v 4
  - v 5
  - v 7
  - v 9
  - v 10
  - v 11
  - v 13
  - v 14-15

- **Jesus is 'n skaapwagter wat 24/7 committed is aan ons**. As julle weer gaan kyk na Etty Hillsum se gedig hierbo, wat beteken dit vir ons?

- My pa het altyd gesê dat **die beste bemesting op 'n plaas is 'n boer se voetspore**. As jy gaan dink oor **Jesus se voetspore oor jou lewe**… tyee n plekke waar Hy gesorg, gehelp en bewaar het, deurgekom het en voorsien het, hoe kan dit jou help in nuwe situasies op jou pad? Wat leer ons daaruit oor Jesus en sy keuse vir ons?

**Die uitdaging van hierdie reeks is dat ons soos Jesus moet word. Waartoe daag hierdie gedeelte oor die goeie herder ons uit?**

- **Vertrou die Here dat Hy jou ken**. Hy weet alles van ons af en kies steeds om betrokke te bly in ons lewens. Jy kan Jesus vertrou. Wat is Jesus se plan met ons? Kyk weer na v 10.

  **Wat is daar wat jy vandag met die Here oor wil praat…**

- **Luister na sy stem,** die evangelie leer ons mos dat sy stem 'n stem van genade en vergiffenis is, van iemand wat vir ons lief is.

  Hoe kan ons die Here se stem beter leer ken? Of in ander woorde, hoe gaan ons weet as die Here met ons praat?

  Watter stem is jy in ander se lewens, wat hoor ander by jou, hoe praat jy?

  **Wat is die een saak waaroor die Here vandag met jou praat?**

- en **volg Jesus –** die skape is nooit gedwing om die skaapwagter te volg nie, dit is 'n vrywillige volg... as jy Hom nie volg nie, gaan jy nie by kos en water uitkom nie...

  **Hoe of waarin moet jy vandag gehoorsaam wees en Jesus volg?**

**Sluit hierdie Bybelstudie af deur vir mekaar te bid.**